

Ambrosia kewers

In die Winter 2017 uitgawe van die SA Pekan(Volume 77) het ek vertel van die eerste keer wat ons Ambrosia kewers op pekanneute waargeneem het.

Sederdien is daar 'n samewerkings ooreenkoms met die " Forestry and Agricultural Biotechnology Institute" (FABI) in plek gestel en is die klein kewertjies ge-identifiseer as die " polyphagous shothole borer" of *Euwallacea fornicatus*. Daar sal ook binnekort 'n voltydse student aangestel word om die saak ten volle te ondersoek.

Prof Wilhelm de Beer van FABI het Vaalharts in Januarie besoek om die infestasië van die kewers in die area te begin ondersoek.

Deel van enige volledige beheer strategie is om die probleem in sy volheid te sien.

Monsters is tydens sy besoek van verskeie pekanneut boorde naby Jan Kempdorp geneem en ons het ook na ander bome naby die pekanneut boorde begin kyk. Ons vind toe dat van die Akker bome in die omgewing oortrek is met die klein kewertjies. Na die besoek het Prof Wilhelm bevestig dat die kewers in die pekans en die gevind in die Akker bome wel dieselfde is.

Daar is baie verskillende spesies Ambrosia kewers alreeds in Suid Afrika. Die meeste is slegs betrokke by die afbreek van alreeds dooie bome. Dit is dus bitter belangrik dat die kewers tot op spesie vlak ge-identifiseer moet word. Ek versoek alle produsente om op die uitkyk te wees vir tekens van die kewers wat in die boorde teenwoordig is. Ons het alreeds tydens 'n besoek aan Pongola kewers uit 'n pekanboord versamel wat aan Prof Wilhelm gestuur is vir identifikasie. Hierdie identifikasies vorm deel van die samewerkings ooreenkoms wat SAPPA met FABI aangegaan het.



Foto 1



Foto 2



Foto 3

Op foto 1, 2 en 3 sien ons hoe die gaatjies van die kewers op die pekanneut stam en sytakke kan lyk. Die wit kol om die gaatjie is agv plantsap wat by die gaatjie uitloop en dan kristaliseer. Vroeg in die oggend kan daar ook nat kolle voorkom op die stam rondom die gaatjies. Infestasië begin met 'n enkel gaatjie maar meer as een gaatjie kan ook voorkom soos op foto 3. Gaatjies kan ook voorkom waar geen wit kolle teenwoordig is nie sien foto 4. In sommige gevalle kan fyn saagsels, foto 5 ook by die gaatjie op die stam waargeneem word. Die saagsels kan ook die vorm van 'n "noodle" aanneem wat by die gaatjie uitstaan gesien op foto 6.



Foto 4



Foto 5



Foto 6



Foto 7

Net om die skaal duidelik te maak van hoe groot hierdie kewers is sien foto 7. Nietemin hulle groote het hierdie klein kewertjies die potensiaal om groot skade in ons bedryf aan te rig. Wat die skade aan betref wat hulle aanrig is dit nie noodwendig die fisiese vreet of boor skade aan die boom wat die probleem is nie. Hierdie kewers is spesialiste daarin om plant patogene, dit wil sê swamme wat bome kan doodmaak, te versprei. Die meeste bome wat wel doodgaan, gaan uit eindelijk van die swam infestasië dood en nie van die vreet skade nie. Daar is egter 'n baie nuwe verhouding tussen die kewer en die swamme wat hulle versprei want die kewers eet nie die hout direk nie. Hulle boor tonnels in die boom in en in die proses laat hulle swam spore in die tonnels van tot drie verskillende swam spesies wat dan binne die boom vestig en begin om die boom aan te val en hout af te breek. Wanneer die eiers wat binne die boom in broei kamers gelê is uitbroei vreet die larwes die hout wat deur die swamme aangeval en afgebreek is. Hulle tel dan weer swam spore op wat verder versprei word sodra hulle volwassenheid bereik.

Enige navrae of waarnemings van hierdie simptome/kewers kan aan myself deurgegee word. Dit is belangrik dat ons so gou moontlik vasstel hoe wyd hierdie plaag onder pekanneute versprei is in Suid Afrika en daarvoor het ons elke produsent se hulp nodig.

Groete uit Vaalharts

Hardus du Toit
Tegniese Beamppte
SAPPA
Sel: 083 465 6522
Epos: sappahardus@gmail.com